

# St. Reingarde
# 26 Junie

(sterf 1213)

Daar is gesê dat hierdie Boergondiese edelvrou se huishouding soos 'n familie klooster was waar die Christelike geloof in elke aspek van hul gesinslewe teenwoordig was. Destyds was die adellike kringe berug vanweë hul dekadente leefstyl en laksheid wat geloof betref. Ná die dood van haar geliefde eggenoot doen Reingarde afstand van al haar aardse besittings en tree sy in by die Benediktynse klooster van Marsigny. Daar word vertel dat sy na die abdy poort vergesel is deur die hoogste adel van die land, wat haar gesmeek het om hulle nie te verlaat nie. Haar keuse en voorbeeld het baie ander adellikes besiel om beter Christene te word.

© Die Oratorium Uitgewery